# GUITAR4KIDS.COM



# Kleuter Kursus

## (Grd. R - Grd. 3)



*Saamgestel deur:*

*Ebeth Marais*

*Sel: 084 408 9206*

*Webblad: www.guitar4kids.com*

Alle regte van die eienaar van hierdie boek en CD, wat gereproduseer word, word voorbehou. Kopiëring, direk of indirek, van hierdie kursus word verbied.

BAIE DANKIE DAT EK KAN STAAT MAAK OP U EERLIKHEID.

Moet asseblief nie hierdie kursus kopieër nie. Hier is baie ure, laat nagte en weke se werk in om aan u en u kind 'n goeie produk te bied.

# GUITAR4KIDS.COM

**Weet jy dat ons ons talente van Jesus kry? Hy is die een wat vir my en jou gemaak het.
Daarom is dit belangrik dat ons ons talente moet gebruik om vir Jesus dankie te sê vir dit wat hy vir ons gee!
Mag Jesus jou baie seën terwyl jy leer kitaar speel en mag jy Hom al die eer gee vir jou talent!**





## VOORWOORD

Baie welkom vandag by jou eerste kitaar les liewe maatjie. Ek hoop dat jy dit baie sal geniet en baie sal leer. Ontspan net en luister baie mooi wat tannie vir jou gaan vertel en jy sal sien dat jy een van die dae sommer **BAIE** lekker gaan kitaar kan speel!

*Jy moet onthou dat dit baie, baie belangrik om elke les se drukke en liedjies baie goed te oefen vir ten minste 'n week lank, voordat jy aangaan na 'n volgende les. Indien jy te vinnig na 'n volgende les toe gaan, gaan jy dalk sukkel en dan is dit nie meer lekker om te speel nie.*

Onthou net dat dit baie belangrik is dat jy moet hard werk. Wanneer 'n mens wil goed krieket, rugby of netbal speel, moet jy baie oefen. En net so met kitaar speel – as jy nie hard oefen nie, gaan jy nie goed kan speel nie.

Die heel belangrikste is dat jy dit moet geniet om kitaar te speel. Jy gaan aan die begin bietjie sukkel, maar binnekort gaan jy lekker sing en speel!

Sterkte en mag Jesus jou help om jou droom om kitaar te kan speel, te bereik! Jy of mamma of pappa kan vir tannie enige tyd bel as jy sukkel met iets of as jy sommer net met my wil gesels!

Kitaar-speel-groete!

**Tannie Ebeth Marais**

| | |
|---|---|
| ***Selfoon Nommer:*** | ***084 408 9206*** |
| ***E-Pos adres:*** | ***ebeth.marais@gmail.com*** |
| ***Webblad :*** | ***http://www.guitar4kids.com*** |


# DIE VOLGENDE IS BELANGRIK VOOR JY BEGIN

## WAARUIT BESTAAN 'N KITAAR

Eerstens, voor jy kan begin kitaar speel, moet jy weet waaruit 'n kitaar bestaan. Sit nou jou kitaar op jou been neer met jou regterarm (as jy regs is) of jou linkerarm (as jy links is) bo-oor die houtbak van die kitaar. Kyk na die prentjie hieronder. Jou kitaar het so 'n ronde plekkie aan die bokant en aan die onderkant. Die onderkant pas oor jou been.



Kom ons kyk na die prentjie van 'n kitaar hieronder:



## OM 'N KITAAR IN TE STEM

Om kitaar te speel moet jou kitaar ingestem wees. Wat beteken dit as jy 'n kitaar instem? Dit beteken dat die snare 'n sekere klank moet maak dat wanneer jy 'n druk speel, dat dit mooi en reg klink – soos 'n klavier byvoorbeeld. As jou kitaar vals is, klink dit baie sleg. Onthou net dat jy nie jou snare te veel op een slag moet draai nie – hulle breek maklik. Draai net so klein bietjie op 'n slag of vra dat mamma of pappa jou help, want snare is baie duur!

Hieronder verduidelik tannie vir jou 'n paar maniere hoe 'n mens jou kitaar kan stem:

- **Elektroniese stemeeheid**
  'n Elektroniese stemeenheid is te koop by musiek winkels. Hierdie masjientjie werk baie lekker en hy wys presies vir jou as een van jou snare uitgestel is.




- **Op Gehoor**
  Somtyds het jy nie die masjientjie om jou kitaar in te stel nie, en dan moet jy jou ore gebruik. Dis nogal belangrik dat jy moet leer hoe om dit te doen. Jy kan dalk bietjie sukkel, maar soos jy dit oefen, sal jy dit regkry.





### HOE STEL JY JOU KITAAR OP GEHOOR IN?

Jy begin by jou boonste snaar, nr. 6 dit is die dikste snaar. Druk nou die $6^{de}$ snaar in die $5^{de}$ sport vas. Terwyl jy die snaar styf druk, stram nou die $6^{de}$ en $5^{de}$ snaar. Die $5^{de}$ snaar se klank moet dieselfde wees as die $6^{de}$, dan is die $5^{de}$ korrek ingestem. Indien die klank nie dieselfde klink nie, draai dan die $5^{de}$ snaar stywer of slapper na gelang van of die snaar se klank te laag of te hoog is.



Sodra dit dieselfde klink, spring jy een snaar af na die $5^{de}$ snaar, $5^{de}$ sport. Speel nou die $5^{de}$ en $4^{de}$ snaar. Doen dieselfde soos bo.



Sodra $4^{de}$ dieselfde klink, skuif jou vinger na die $4^{de}$ snaar, $5^{de}$ sport, en speel dan weer die $4^{de}$ en $3^{de}$ snare.




Sodra $3^{de}$ reg klink, skuif nou jou vinger na $3^{de}$ snaar, maar **LET WEL**, $4^{de}$ sport. Speel nou $3^{de}$ en $2^{de}$. Doen dieselfde soos bo.



Sodra $2^{de}$ snaar korrek is, skuif nou jou vinger na $2^{de}$ snaar, maar **LET WEL**, terug na $5^{de}$ sport. Speel die $2^{de}$ en $1^{ste}$ snaar en stem in soos nodig.



En siedaar!! Jou kitaar is ingestel. Onthou dat dit baie oefening vat om jou kitaar so in te stel, omdat jou ore moet leer om reg te luister.




Pasop net om nie jou snare te vinnig te styf te draai nie – hulle kan dalk breek en snare is baie duur!



- **Met ’n klavier**

  As jy dalk ‘n klavier by jou huis het, kan jy ook die klavier gebruik om jou kitaar in te stel. Vra iemand om jou te help. Tannie het hieronder ’n prentjie hoe jy jou kitaar kan instel om die klavier. Wanneer jy dit so instel, moet jy nie die snare druk nie.






## PLEKTRUMS


’n Plektrum is ’n stukkie harde plastiek waarmee jy die snare speel. Maar in die begin wil tannie net hê dat jy net met jou duim speel en later kan jy met ’n plektrum speel.

## VINGERAANWYSINGS

Dit is baie belangrik om te weet watter nommer elke vinger het. As ek vir jou die drukke gaan leer, word daar op die prentjies van nommers gebruik gemaak. Hierdie nommers is die spesifieke vinger wat op daardie betrokke snaar en sport gedruk moet word.

*Druimpie het nie 'n nommer nie, want hy hou agter om die nek van die kitaar vas. Duimpie se maat is nommer 1, Langeraad is nommer 2, Filafooi is nommer 3 en pinkie (of piepie in die kooi) is nommer 4. Leer gou jou vingers se nommers en kyk of jy dit kan onthou.*

**Onthou - in die begin gaan jou vingers seer raak. As jou vingers seer raak, vra dat mamma vir jou spiritus aan jou vingers se koppe te smeer.**





## DIE VERSKILLENDE DRUKKE SE ILLUSTRASIES

Hieronder is 'n voorbeeld van hoe die drukke lyk wat jy gaan leer. Dit is baie belangrik dat jy mooi moet kyk en luister watter vinger, op watter snaar en in watter sport moet kom. As jy dit nie presies soos in die prentjies en foto's doen nie, gaan jy die drukke verkeerd leer.

**VOORBEELD VAN ILLUSTRASIES**

**D majeur**





## BAIE BELANGRIK

Wanneer jy nou die eerste kitaar drukke gaan leer, moet jy baie seker maak dat jy jou regte vingertjie, op die regte snaar en in die regte sport plaas. Dit is baie belangrik, want as jy 'n druk eers verkeerd aangeleer het, is dit baie moeilik om dit dan te verander.

Ons gaan ook gebruik maak van prentjies en wanneer jy hoor die klank verander, moet jy na die druk van die volgende prentjie verander. So jy moet mooi onthou by watter prentjie jy is.



## JOU EERSTE LIEDJIES

Wanneer jy begin om jou eerste liedjie te speel, onthou om met jou ander hand wat nie die drukke druk nie, net eers **af** te stram. Tannie gaan later vir jou leer op en af stram.

Omdat jy dalk nog nie kan lees nie of jy kan dalk nog net 'n klein bietjie lees, kan jy nog nie die woorde van die liedjie op die papier volg nie.

So jy moet probeer om die prentjies se volgorde te onthou en so die liedjie se drukke te leer.

Luister baie mooi as tannie die drukke verander. Kyk dan wat jou volgende prentjie is en volg so die prentjies en druk die drukke saam met my terwyl ons die liedjie speel en sing.

Sodra jy kan lees, kan jy die liedjie se woorde op die papier volg.





## SAAM SING

Dit is baie, baie belangrik dat jy moet sing terwyl jy speel. Al stop jy aan die begin by elke druk, dan hou jy eers op sing en sodra jy weer die volgende druk het, sing jy verder. Dit help jou baie met kitaar speel.





## SEER VINGERS

As jou vingers seer raak, sê vir mamma dat sy spiritus aansmeer – dit maak jou vingerkoppe lekker hard! Moenie die velletjies aftrek nie, want dan gaan dit weer seer raak.

# KITAAR LES 1



In les 1 gaan tannie vir jou leer om liedjies met D majeur en A majeur te speel.

Die eerste letter van die diertjie se naam, soos die A van Apie en D van Dassie, is eintlik die naam van die druk wat jy leer. So as jy hoor D, dan moet jy weet hoe lyk die Dassie of D druk. En net soos met die Apie of A druk.

*Die woordjie 'majeur' is dieselfde soos iemand se van. Jy ken dalk iemand en sy naam is Kosie en sy van is Pretorius. As jy met Kosie praat, gaan jy nie elke keer vir hom sê 'hello Kosie Pretorius' nie. Nee, jy gaan net sê 'hello Kosie'. En dit is dieselfde wat ons gaan doen met die note wat ons gaan leer.*

Al wat jy moet onthou is die druk se naam en net so in jou agterkoppie kan jy onthou dat sy VAN **majeur** is.

So ons gaan sommer net praat van D of A, dit is baie makliker.

Maar ek weet jy is sommer baie slim – jy gaan dit sommer baie gou regkry!



## D = Dassie   (met sy plat lyfie)


**Het jy al dassies gesien? Hulle is klein, plat diertjies wat in die berge en tussen rotse woon. Hulle is omtrent so groot soos 'n hasie en bietjie groter, en hulle soek altyd iets om te eet op die grond, maar hulle is sommer 1,2,3 op 'n rots as hulle in gevaar is. Die 2 ogies en neusie lyk amper soos die D druk wat ons gaan leer en ons gaan snare 1, 3, 2 gebruik.**

## A = Apie  (kyk sy skuins ruggie)

**Apie klim in die 2de boom. Apie val uit die boom. Die boom het 6 takke. Hy het 2 takke klaar mis gevang, maar gelukkig hak sy stert om die 4de tak en sy arms gryp die 3de en 2de tak vas. Amper het hy op die grond geval! Ons gaan die snare druk wat Apie raak gevang het. Kan jy onthou watter snare dit was?**


**6 5 4 3 2 1 = SNARE**

| | | |
|---|---|---|
|  1 2 3 | **D MAJEUR**  **Dassie met sy plat lyfie. Die 3 kolletjies lyk soos sy ogies en neusie.** |  |
|  1 2 3 | **A MAJEUR**  **Apie lê skuins** |  |



## MY B-Y-B-E-L

**Die volgorde van die liedjie se prentjies is:**



D A D

My B-Y-B-E-L het my van God vertel.



A

Ek kan dit glo, want die Woord sê so.

D A D

My B - Y - B - E - L.



## HE'S GOT THE WHOLE WORLD

**Die een is lekker maklik!  Die patroon van die liedjie gaan soos volg wees:**





D
He's got the whole world in His hands



A
He's got the whole world in His hands



D
He's got the whole world in His hands

A D
He's got the whole world in His hands.

He's got the wind and rain in His hands.



A
He's got the wind and rain in His hands.



D
He's got the wind and rain in His hands.

A D
He's got the whole world in His hands.